# RESENSIES/REVIEWS

J. Cook

## THE SEPTUAGINT OF PROVERBS. JEWISH AND/OR HELLENISTIC PROVERBS? CONCERNING THE HELLENISTIC COLOURING OF LXX PROVERBS

Supplements to *Vetus Testamentum* 69. 1997. Leiden/New York/Köln: Brill. ISBN 900410879 3.

Die werk oor die Septuagintteks van Spreuke is 'n gewaardeerde bydrae tot die studie van die Septuagint en sy teks. Aan die orde kom die teksgeskiedenis, die vertalingstegnieke en die literêre aspekte van sowel die Masoretiese as Septuagint Spreuke. 'n Aantal hoofstukke is in besonderhede geanaliseer met betrekking tot tekskritiese vrae, leksikografiese en semantiese aspekte, asook sintaktiese, stilistiese en literêre kenmerke.

Die boek is dus 'n demonstrasie dat die Septuagint in eie reg bestudeer kan word. Die bydrae lê veral daarin dat die konteks van die vertaler anders was as die konteks van die oorspronklike Hebreeuse werk en dat hy deur die Hellenistise tyd beïnvloed was.

Hierdie werk word sterk aanbeveel vir Ou-Testamentici wat navorsing doen oor Spreuke, vir geleerdes wat oor vertaling navorsing doen, veral rondom die Septuagint, en vir alle geleerdes wat die Hellenistiese Jodendom tot studieveld het.

Prof. S.J.P.K. Riekert
Dept. Bybel- en Godsdienskunde
Fakulteit Teologie
Universiteit van die Vrystaat.